

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

10 Februarie 2019 **Nr. 702**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!
Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak!

Predikant:	Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba:	Br Piet Prinsloo	Tel: 012 567 6109	Sel: 072 117 6117
Attes-skriba:	Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Susterssake:	Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Adminbeampte:	Magda Schoeman	Tel: 012 548 0913	
Kantoorure:	Dins, Don & Vry vanaf 08:00 – 13:00		
Koster:	Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres:	admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf:	www.gkmagalieskruin.co.za

EREDIENSTE

Oggend 10:00 NAGMAAL Ds Gert Erasmus

Skriflesing:	Johannes 15: 1-15
Teks:	Johannes 15: 5-8
Tema:	Jesus Christus is die Brenger van die nuwe lewe waardeur Hy ons verlos van die eensaamheid van die sondenood!
Sang:	Ps 100: 1 Ps 119: 47 Ps 119: 53 Ps 23: 3 Ps 116: 1-10 Ps 103: 1, 2
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Emeritaatsversorging

Aand 19:00 Ds Gert Erasmus

Skriflesing:	Romeine 8: 14-17, 31-39
Teks:	NGB Art 26 (2)
Tema:	God troos ons deur sy Woord dat Christus die enigste voorspraak is waardeur ons tot God kan bid!
Sang:	Ps 107: 3 Ps 18: 13, 14 Ps 25: 4, 6
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Evangelisering

SAMESANG AAND 18:45: Ps 34: 4, 5, 6, 7. 8, 9 Sb 17-2: 4, 5, 6, 7, 8 (18)

Volgende Sondag Nagmaal	**Oggend**	**Aand**
17 Februarie (Nabetragting)	Klassis Hulpfonds	Hulp in Kerkverband
24 Februarie	Teologiese Studente	Evangelisering

Preke op CD:
Plaas u bestelling op Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by 012 548 3549 / 083 471 4098. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek.
Koste: R30 per CD enkel in kassie, R50 per 2 CDs in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie.

Preke op die webwerf:
Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

ALLE KOMMISSIES EN LIDMATE!

- Alle berigte wat in die nuusbrief moet verskyn **MOET** op die laatste **Donderdag 24:00** reeds in Word formaat na die kerkkantoor gestuur word. Geen laat berig sal in die betrokke nuusbrief geplaas word nie.

VIR MEELEWING

'n Besondere welkom aan

- Alle besoekers saam met ons!.

Meelewing

- Sr Elsa van Wijk (082 460 8262) wat in Groenkloof hospitaal is,
- Sr Sussie Roos (072 621 8054) wat in Eugene Marais hospitaal is,
- Sr Willa Botha (082 257 5413) wat in Eugene Marais hospitaal is,
- Sr Rina Manten(012 548 1590) wat in Wilgers hospitaal is,
- Br Johan van Dyk (083 417 5591) wat in Eugene Marais hospitaal is.
- Br Gordon Carver (073 189 4656) gaan Woensdag Unitas hospitaal toe.
- Sr Welma van Vuuren (082 781 2048) wat uit die hospitaal ontslaan is.
- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: br Andries Nel (Huis Blymoedig), br Kallie (072 120 6345) en sr Estelle Steenkamp (072 120 6345).
- Ons dink aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke mediese prosedures moes ondergaan!
- Ons dink ook aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke operasies moes ondergaan! Sterkte met die herstel en die rehabilitasie!

Leedwese

Ons innige simpatie met oudl Stephanus (082 338 3216) en sr Fransie (082 738 6950) van der Walt met die afsterwe van hul skoondogter.
Ons dink ook aan diak André (071 643 1004) en sr Delia (082 547 2787) van der Merwe wie se ouma se afsterwe gedurende die week.

Verjaardae

Mag die Here aan u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

Februarie	Sondag	10	Amelia Badenhorst	076 271 5218
	Woensdag	13	Sharon du Plessis	082 458 6775
	Donderdag	14	Pieter Broere	082 451 6291
		14	Retief Coetzee	082 520 0881
		14	Peet du Toit	079 941 7562
	Vrydag	15	Adéle Jansen van Vuuren	083 375 5688
		15	Jan Venter	083 292 5606
		15	Michelle Vrey	072 132 9527
	Saterdag	16	Mintjie Bosua	076 580 4286
		16	Driekie Carver	073 189 4656
		16	Jaap Lee	082 565 3452

GEMEENTE-AKTIWITEITE

Nagmaalete - 10 Februarie 12:30

Ons herinner julle net aan die nagmaal ete vandag onder die suidelike bome. Tafels en stoele sal gereedstaan. Vure en roosters word gereël en die diakens gaan help braai.
Bring jou eie eetgerei, vleis en een **bykos** van jou keuse. Nagereg is nie 'n vereiste nie, maar bring gerus as jy 'n soettand het. Almal is welkom!

TER APPROBASIE:

- Die volgende broeders word ter approbasie/goedkeuring aan die gemeente voorgehou vir diakens: **Erik Snyman & Piet Steyn.**

KUIER-OGGEND BY UITKOMS

Kom vier 'n vrolike Valentynsoggend saam met ons Uitkomsvriende op Donderdag 14 Februarie om 10:00. Almal is baie welkom.
Kontakpersone: Wilna van Aswegen (083 450 2455) of Magriet Petzer (082 770 3884).

Bybelstudiegroepe

GROEP 4 (Hannes Spies – 012 548 9659 / 082 670 9509) – Woensdag 6 Februarie 15:00 by die Villas.

Hulp vir vervoer van goedere na Eljadahuis
Baie dankie aan br Marten en sr Sini Deysel wat vir geruime tyd die goedere na Eljadahuis vervoer het. Hulle vetrek uit ons gemeente en vra asb vir 'n vrywillige lidmaat wat ons daarmee kan help.

BRONSMUNTE
Die projek van die Diakonie om bronsmunte in te samel, gaan nog steeds voort. Tot dusver het ons reeds R1,068.85 ingesamel! Ons sal dit waardeer indien die lidmate sal voortgaan om ons te ondersteun. Die houer vir die munte is in die portaal by die hoofingang.

PITKOS VIR DIE PAD– die hande en voete van kerkwees!

Ons het vanjaar drie besprekingsgeleenthede op Dinsdagaande 19:00 in die kerksaal om saam te besin oor praktiese dinge wat ons almal se lewens raak.

Trek jou dagboek nader en boek hierdie datums!

- **26 Februarie;**
- **4 Junie;**
- **3 September;**

Kom luister, gesels en deel 'n koppie koffie of tee saam op Dinsdag, 26 Februarie.
Ds Jan-Louis Lee van Brits, kom praat met ons oor 'Huisgesin van God vandag'. Word hierdeur verryk om so in vandag se omstandighede 'n huisgesin in God se koninkryk te wees. Almal is baie welkom!

SUSTERS

Teeskinkbeurte ***Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!***

10 Februarie	Geen tee agv ons Nagmaal en ete		
17 Februarie	Wyk	E3	Magriet Petzer
	Wyk	E4	Marilise Croukamp
	Wyk	E5	Esmé Slabbert

Gereformeerde vriendekring
Ons eerste 2019 afspraak ! ! !
DV 19 Februarie 2019 om 10:00
By GK Pta-Annlin. SIEN JOU DAAR

2019 Midweek-Wegbreek:
ATKV Buffelspoort
DV 16-20 September 2019
Koste: R3 475 per persoon wat deel
Deposito: R500 (Voor 31 Maart 2019)
Skakel so gou as môre met Mariki (09:00-13:00) by (012 548 9082) om jou plek te bespreek.

VAN DIE KERKRAAD

Katkisasie
Gr 0-11: Vandag: Opening in die kerk. Daarna Les 3 vir gr 0-7. Bybelstudie vir gr 8-11
Vir ons Hoërskool Katkisante:
17:30-18:00: Graad 8 en 9
18:00-18:30: Graad 10
18:30-19:00: Graad 11 (Belydenisklas)
BRING asb julle Bybels, psalmboeke en 'n notaboekie saam!

Ouers van Katkisante

- *Onthou asseblief om u kind se besonderhede en die geld vir die katkisasieboekies vir u kind se hulpkategeet te gee.*

Jeug
Versoek om hulp- skakelpersoon

- Indien daar enige persoon is wat die Jeugkommissie kan help as skakelpersoon met die Laerskooljeug, kontak asb vir Ds Gert in hierdie verband.

Die huidige skakelpersone is die volgende:
Laerskool skakelpersoon: Vakant
Hoërskool skakelpersoon: Carike Goede.
Naskoolse skakelpersoon: Marike Snyman.

Verandering van u persoonlike inligting

- Indien enige van u inligting verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of E-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting aan die kantoor sal deurgee.

Dagboekdatums

Sondag	10 Februarie	Nagmaal ete	12:30
Dinsdag	12 Februarie	Admin	09:00 – 10:00
Woensdag	13 Februarie	Bybelstudie (Hannes – Villas)	15:00
	13 Februarie	Katkisasie	17:30
	13 Februarie	Bybelstudie Jeug	19:30
Donderdag	14 Februarie	Uitkoms	10:00

Ds Gert se dagboek

Maandag:	Pastorale besoek	11:00 – 12:00
	Pastorale besoek	19:00 – 21:00
Dinsdag:	Admin vergadering	09:00 – 10:00
	Huisbesoek	19:00
Woensdag:	Hospitaalbesoek	Oggend
	Katkisasie	17:30 – 19:00
	Naskoolse Jeug	19:30 – 20:30
Donderdag:	Voorbereiding	
	Pastorale besoek	18:00 – 20:00
Vrydag:	Voorbereiding	

Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël.

Tuinwoonstel te huur.
'n Ruim eenslaapkamer tuinwoonstel is te huur in 'n rustige deel van Wonderboom naby die berg in 'n stil straat. Veilige onderdakparkering en water is ingesluit. Elektrisiteit is beskikbaar deur 'n vooraf-betaal meterstelsel. Winkels en hoofroetes is binne stapafstand. Onmiddelik beskikbaar. Kontak Johan by 082 826 3111 vir navrae en prys.

BEROEPE ONTVANG

- Proponent HM Stavast (Herman) na Piet Retief

BEROEPE AANVAAR

- Proponent HM Stavast (Herman) na Piet Retief